**31 Mei**

**Eensame lyding**

**Skrifgedeelte:2 Timoteus 4:9-22**
**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:16, 17**

Paulus het hom op die keiser van Rome beroep om verhoor te word. Eers het hy in 'n huis gebly onder bewaking deur 'n soldaat. Met sy eerste verhoor, so skryf hy, het niemand hom bygestaan nie. Paulus noem die name van mense wat hom in die steek gelaat het. Onder hulle was Demas wat die "teenswoordige wêreld liefgekry" het.

So intens was sy ondervinding met die Romeinse hof dat hy skryf dat hy uit die "bek van die leeu" gered is. En nou wag hy op die tweede verhoor wat, so weet ons, op sy veroordeling en dood uitgeloop het.Wat doen hy nou in hierdie wagtyd?

Daar is drie dinge wat hom die krag gee om staande te bly:

- In die eerste plek; sy *geloofsvertroue*. Hy skryf: "Die Here sal my red van elke onheil." Dit is wat geloofsoorgawe beteken! Gee jou lot oor aan die Here wat magtiger is as alle vyande!
- Die tweede: Sy *toekomsverwagting*. Hy skryf in sy eensaamheid: God sal "my behoue in sy koninkryk bring". So word die geloof verbind aan die hoop.
- Daar is ook 'n derde moment: *aanbidding*. "Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen."

Loop jou hantering van jou eensame beproewing ook uit op aanbidding? Dit sal alleen gebeur as jy in geloofsoorgawe jou probleme aan die Here gee en leef uit die hoop op sy heerlikheid! Gee ook om vir mense in hulle nood!

*Sing: Psalm 73:10 (1936)* *Dr. B Duvenage (Emeritus)*